# INHOUD PER KWARTAAL

# • AFRIKAANS •

## GRAAD 4

## KWARTAAL 1

• Leestekens • Sinsoorte • Tye • Verkleining • Meervoude •
• Homonieme & Homofone • Voegwoorde • Ontkenning • Bywoorde •
• Sinonieme & Antonieme • Lettergrepe • Manlik & Vroulik • Alfabetiese Volgorde •
• Selfstandige Naamwoorde • Byvoeglike Naamwoorde • Sinsontleding • Werkwoorde •
• Intensiewe Vorme • Trappe van Vergelyking • Idiome • Lydende & Bedrywende Vorm •

## KWARTAAL 2

• Leestekens • Tye • Verkleining & Meervoude • Homonieme & Homofone •
• Sinsontleding • Werkwoorde • Intensiewe Vorme • Trappe van Vergelyking •
• Voornaamwoorde • Direkte & Indirekte Rede • Lydende & Bedrywende Vorm •
• Alfabetiese Volgorde • Selfstandige Naamwoorde • Byvoeglike Naamwoorde •
• Voegwoorde • Ontkenning • Basisvorme • Samestellings • Voorsetsels • Bywoorde •

## KWARTAAL 3

• Lettergrepe • Bywoorde • Idiome • Direkte & Indirekte Rede • Woordsoorte •
• Leestekens • Homonieme & Homofone • Ontkenning • Sinonieme & Antonieme •

## KWARTAAL 4

• Leestekens • Teenwoordige Verlede & Toekomende Tyd • Werkwoorde • Homofone •
• Voorsetsels • Meervoude • Byvoeglike Naamwoorde • Voorvoegsels • Voornaamwoorde•
• Voegwoorde • Selfstandige Naamwoorde • Lydende & Bedrywende Vorm • Ontkenning •
• Direkte & Indirekte Rede •

*Geen inligting, toetse, memorandums, opsommings, dokumente, aanhangsels mag gereproduseer, gekopieer, versprei en/of herverkoop word op enige manier sonder die geskrewe toestemming van My A Plus (Edms) Bpk nie.*

© Kopiereg 2018-2024. My A Plus (Edms) Bpk. Kopiereg voorbehou.


# VOORBEELD:

# UITTREKSEL UIT ‘n VRAESTEL



© My A Plus ©

# • AFRIKAANS •

## GRAAD 4

## KWARTAAL 1

• Leestekens • Sinsoorte • Tye • Verkleining • Meervoude •
• Homonieme & Homofone • Voegwoorde • Ontkenning • Bywoorde •
• Sinonieme & Antonieme • Lettergrepe • Manlik & Vroulik • Alfabetiese Volgorde •
• Selfstandige Naamwoorde • Byvoeglike Naamwoorde • Sinsontleding • Werkwoorde •
• Intensiewe Vorme • Trappe van Vergelyking • Idiome • Lydende & Bedrywende Vorm •


# Afdeling A | Leesbegrip

Lees die boekuittreksel hieronder en beantwoord die vrae in jou eie woorde:

*https://drive.google.com/file/d/1ns5PndelgoaUFQiRFs8xWRTlymd5acU0/view*

## Zoem! Avontuur op 'n eiland

*Theresa van Baalen*




"WAT DOEN JY, ALEX?"

"Niks," sê Alex terwyl hy nog 'n druiwekorrel in Tjomper se rigting gooi.

Tjomper swaai sy stert opgewonde. Hy spring en hap die korrel uit die lug sodat die druiwesap spat.

"Moenie vir my sê jy doen NIKS as jy iets doen nie!" sê sy ma moedeloos.

"Hou op om die hond druiwe te voer. Vanaand pyn sy maag, en wat dan?"

Tjomper laat sy ore hang en tjank saggies.

"Ja, Ma." Alex druk 'n druiwekorrel in sy eie mond.

TOET-TOETOET-TOET, toet 'n motor in die straat.

Alex loer deur die kombuisvenster.

"Kyk die lelike ou kar," beduie hy. "Dit hou voor ons huis stil."

1. Wie is die hoofkarakter in hierdie storie?

   ______________________________________________________________

2. Wie is die skrywer van die boek?

   ______________________________________________________________

3. Wie is Tjomper?

   ______________________________________________________________

4. In watter vertrek van hulle huis is Alex en Tjomper?

______________________________________________

5. Waarom is die eerste sin in hoofletters?

______________________________________________

6. Dink jy Tjomper hou van die druiwekorrels? Waarom dink jy so?

______________________________________________

7. Wat sien Alex deur die venster?

______________________________________________

8. Soek 'n sinoniem vir vrolik in die leestuk: ______________________

9. Soek 'n antoniem vir mooi in die leestuk: ______________________

10. Omkring die letter wat voor die korrekte antwoord staan.

10.1 Wie het die tekeninge van die boek gedoen?

- A Theresa van Baalen
- B Almero Welgemoed
- C Alex
- D Tjomper

10.2 Waarom hang Tjomper se ore?

- A Hy hou nie van druiwe nie
- B Hy hou nie van Alex se ma nie
- C Hy mag nie nog druiwe kry nie
- D Hy wil buitentoe gaan

10.3 Omkring die verkeerde stelling:

- A Tjomper vang die druiwekorrels in die lug
- B Daar toet 'n motor in die straat
- C 'n Motorfiets hou voor Alex se huis stil
- D Die druiwesap spat soos Tjomper dit vang

© My A Plus ©

# Afdeling B | Taalleer

**VRAAG 1: LEESTEKENS & SOORTE SINNE**

Voltooi die onderstaande sinne met die korrekte leestekens en dui aan watter soort sinne dit is:

1.1 Wat eet Tjomper ______________________________

1.2 Alex gooi druiwekorrels vir Tjomper ______________________________

1.3 Alex hou op ______________________________

**VRAAG 2: VERLEDE, TEENWOORDIGE & TOEKOMENDE TYD**

Herskryf die volgende sinne oor in:

2.1 Teenwoordige tyd: Alex sal deur die venster kyk,

______________________________________________________________________

2.2 Toekomende tyd: Tjomper het die druiwekorrels gevang.

______________________________________________________________________

2.3 Verlede tyd: Mamma is moedeloos met Alex.

______________________________________________________________________

**VRAAG 3: VERKLEINWOORDE EN MEERVOUDE**

Wat is die meervoud en verkleining van die volgende woorde:

3.1 hond ____________________________ ____________________________

3.2 korrel ____________________________ ____________________________

3.3 maag ____________________________ ____________________________

© My A Plus ©